

15 Augustus

Skrifgedeelte: 2 Samuel 24

Fokusgedeelte: 2 Samuel 24:24

Goedkoop offers

Die straf van die Here oor Dawid en Israel was verskriklik: sewentig duisend mense is dood aan pes! Wat 'n verligting toe die Here besluit om die straf nie verder te voer nie! Die opdrag van die profeet Gad is gepas: Dawid moes uit dankbaarheid aan die Here gaan offer.

Arauna wou met graagte die dorsvloer vir die altaar aan Dawid skenk. Maar Dawid kon die aanbod nie aanvaar nie. As die offer die ootmoed en dankbaarheid van sy hart moes weerspieël, kon hy nie aan die Here 'n offer bring wat niks kos nie. Daarmee raak Dawid die wese van offers aan die Here aan. Dankbaarheid vir die geweldige genade van God laat nie goedkoop offers toe nie.

Meet 'n slag jǒu dankbaarheid teenoor God aan jou offers: Hoeveel van jou kosbare tyd staan jy af aan die diens van die Here? (Eks 20:10).

Hoeveel van jou kosbare inkomste sonder jy af vir die saak van God se koninkryk? Neem jy die norm van ten minste een-tiende vir die diens van God in ag (Mal 3:10; Matt 23:23)? Hoeveel van jou kosbare kragte wy jy aan diens van God (Mark 12:30)? Hoeveel van jou kosbare kragte gebruik jy in diens van jou naaste (1 Kor 12:7)?

Jou dankoffers in tyd, goed, geld en kragte - jou liefdeswerk - weerspieël jou dankbaarheid teenoor God. Aan ons offers is ook 'n heerlike belofte verbonde: "Wie volop saai, sal volop oes" (2 Kor 9:6).

Sing: Psalm 116:7,8,9

Ds APC Duvenage (Emeritus)